## Ek wil, ek wil nie! **Donderdag 16 September 2021**

## Laaste gedagtes oor die Etiese vraagstukke vanuit die Tien gebooie.

**Lees: Rom 7:7-24**

**Rom 7:7** Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie."

**Rom 7:12** Die wet is dus **heilig**, en sy voorskrifte is heilig en **reg** en **goed.**

**Rom 7:14** Ons weet tog die wet **is geestelik**, maar ek is aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop.

**Rom 7:15 Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.**

**Rom 7:19 Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.**

**Rom 7:24** Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?

**Rom 7:25** Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde."

**Ek wil, Ek wil nie!** Is dit nie hoe as mense is nie. Ek wil doen wat ek wil doen. Ek wil nie hê dat iemand anders vir my sê hoe ek my lewe moet lei, my werk moet doen, my tyd moet spandeer nie.

**Sien ons dit nie alreeds by 'n klein kindjie nie?** Ons sê vir hulle moet nie by die water speel nie, en dan gaan hulle juis daar speel. Juis dit wat hulle nie moet doen nie, dit doen hulle. So is ons dikwels ook as landsburgers, wat die owerheid van ons verwag kom ons net na omdat ons bang is ons word gestraf met boetes of tronkstraf.

**Paulus praat nou oor die wet van Moses**.**Rom 7:7** "Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie." Want dit is juis deur die wet wat ons leer wat reg en verkeerd is voor God. God het die wet aan ons gegee as 'n reël hoe ons ons lewe uit dankbaarheid moet lei.

**Maar die vraag is of ons die wet van God ten volle kan nakom?** Dan bely ons in die Heidelbergse Kategismus, Son. 44 Vr. en Antw. 114 "Nee, want self die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid, maar tog so dat hulle met 'n enrnstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe." Daarom probeer 'n opregte, ernstige, christen gelowige om steeds meer aan die wet van God gehoorsaam te wees en om God met groter ywer te dien.

"Telkens laat die wet hom/haar sy ***eie sonde en ellende*** sien sodat hy vir ***die verlossing*** daarvan na Christus toe vlug om Hom daarna ***uit dankbarheid*** nog meer te dien deur volgens die wet van God te lewe." (De Bruyn PJ. 2008:264)

**Daarom op geestelike vlak wil ek graag die wet van God nakom**. Ek wil graag doen wat reg is. Ek wil graag volkome God dien en eer. Maar die sondige mens wat ek is val my steeds elke dag aan. Daarom dat Paulus sê in Rom 7:15: "Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek."

Maar dan eindig Paulus hierdie gedeelte op die mees troosvolle manier vir die Christen.

**Rom 7:24-25**

"Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?
Aan God die dank! **Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here**. So is dit dus met my gesteld:
met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***